

Dis heerlike Lente die Winter is verby...

Met bloeisel wat in die dorp al meer gesien word aan bome is lente een van die vier seisoene van die jaar en volg na winter. Gedurende lente word die dae langer en die nagte korter en Heilbronners kon waarneem dat die son al vroeër opkom en later gaan sak. Meteorologies gesproke val die maande September, Oktober en November in die Suidelike halfrond. Astronomies gesproke begin lente egter met die lentedag wat gewoonlik op 22 of 23 September val. Egter vier Suid-Afrikaners

lentedag op 1 September. Van ons sal egter nie saamstem dat die wetenskaplike gesproke lente begin het nie aangesien die land in Oktober steeds bibber van die koue. Met gedeeltelik bewolkte toestande word boere geterg met die moontlikheid van reën, humiditeit is hoog, maar 15-30km/h winde waai alles weg. Die weer lyk of dit sal draai oor die naweek en temperature wat sal styg tot bo 30 in omliggende omgewings en lente uiteindelik gaan begin. Kyk die weervoorspelling op bladsy 5.



Nuwe winkel nou oop by Wentworth Square

Julius en Lize Bobbert, 'n getroude paartjie oorspronklik van Heilbron, het besluit om hulle weer in Heilbron te vestig. X-Cyte Galore het amptelik op 1 Oktober 2019 oopgemaak en is geleë in Wentworth Square Nr 3 - ons eie winkelsentrum in die dorp. Hierdie winkeltjie was eers in die Vaaldriehoek

waar hulle ander winkels ook bedryf het. Hulle het egter Heilbron toe geskuif weens Wentworth se winkel wat dubbel die grootte is as wat X-Cyte in die Vaal was. Dit is ook baie skoon en rustig met veilige parkering en 'n aangename atmosfeer. Hulle het 6 jaar terug begin om opvoedkundige aparate te

verkoop en so het die winkel uitgebrei deur ander produkte ook aan te hou. Die opvoedkundige aparate word aan meer as 5000 skole verskaf. Hulle verkoop ook kosmetiese lyne, kostuums, juwele, speelgoed, visvang- en partytjebenodighede, swemtoerusting en nog vele meer. Julius sê dat hulle baie vooruitsigte vir die toekoms het en wil binne die volgende twee maande nuwe items aanhou wat aan jou jag-, babasporttoerusting sal voorsien. Hulle kry elke naweek nuwe voorraad in. Wanneer jy die winkel binnestap word jy met 'n vriendelike gesig, Ria Smit, verwelkom. Sy dra elke kliënt se behoeftes op die hart en sal hardwerkend seker maak jy kry waarna jy soek. Hierdie span is opgewonde om elke kliënt te ontmoet.



Nederduitsch Hervormde Kerk Heilbron
 Nooi alle belangstellendes om deel te wees van ons
BASAAR
 SATERDAG
 12 OKTOBER

- Braaivleisetes
- Tjops, Wors, Sosaties, Slaai, Pap & Sous
- Pannekoek • Kerrie & Rys
- Basaar Nagereg • Koektafel
- Vleistafel
- Koffie, tee & koeldrank

Hoërskool Reitz se trots



Hoërskool Reitz se trots loop oor vir die leerders wat aan die Nasionale Esko Ekspo in Johannesburg deelgeneem het. Deelnemers was: Carla Fivaz, Guillaume Taljaard, Dané Dorfling en Luan Strauss. Twee van die leerders het die aand van 26 September toekennings losgeslaan by 'n spesiale prysuitdelingsfunksie, Guillaume vir die deelnemers se wen-projek, waarmee hy 'n kontantprys losgeslaan het en Luan Strauss het 'n R200 000 prys losgeslaan vir die befondsing vir die begin van sy eie besigheid.

WIMPIE PRODUKSIEVEILING
BEEFMASTERS

Woensdag 9 Okt. 2019 om 11:00, Vrededorp
Aanbod 35 Bulle & 50 Vroulike diere
 *Draagligheid sal bevestig wees op veiling

Navrae: Martin 082 654 6006 & Wimpie 076 983 0364 (Eienaars)
 Lukas 082 497 6793 (Afslaer)
 Gert 082 377 8565 (Bemarker)

Reete: 076 77 056329 27 805565

VREDEFORT **VEEBOERERIE**